

P. K. Anerley.
Natal.
12/3/49.



Die Saakgelastigde,
N. G. Sendingkerk in die O. V. S.,
Posbus 1004,
Bloemfontein.

Geagte Heer,

Ek het u brief van 24 Februarie ontvang, maar kon ongelukkig nie onmiddelik antwoord daarop gee nie, want ek was toe in die Kaap. Ek is heeltemal gewillig om die vertaalregte aan u af te staan, op die volgende voorwaardes:-

- (i) Die skryw/er staan af aan die N.G.S. die reg om die boek in Zoeloe te vertaal en as boek uit te gee, maar hy behou die reg om enige persoon toe te laat om die boek in Zoeloe te vertaal, mits sulke vertaling nie as boek uitgegee word nie.
- (ii) Die skryw/er wil @'n persentasie van die winste ontvang nie, mits sulke besparings aan die leser oorgedra word, d.w.s. deur middel van 'n verminderde prys.
- (iii) Die N.G.S. beloof om die vertaling as boek uit te gee binne 18 maande van datum van hierdie ooreenkoms.
- (iv) Ses eksemplare van die gepubliseerde boek sal gratis aan die skryw/er toegeken word.
- (v) Die vertaling sal die betekenis en inhoud van die boek getrou, volledig, en bekwaam vertolk. Maar die skryw/er is gewillig, voordat die vertaling begin word en nie later nie, om voorstelle te ontvang vir die uitlating van enige sin, sinsnede, hoofstuk, ens.
- (vi) Indien die vertaling uit gedruk raak, sal die skryw/er geregtig wees, na die verstryking van drie maande kennis aan die N.G.S. ? om die ooreenkoms te kanselleer en om besit te herneem van alle regte onder hierdie ooreenkoms afgestaan.
- (vii) Die N.G.S. sal sorg dat die naam van die skryw/er asook die oorspronklike titel van die boek op gewone wyse op die omslag, tittelblad, en in enige advertensie getoon word.
- (viii) Die toegestaande regte mag nie deur die N.G.S. aan enige liggaam, vereniging, maatskappy, ens. oorgeplaas word sonder die toestemming van die skryw/er nie.

(ix) Die kopiereg word deur Charles Scribner's Sons, New York, voorbehou.

(x) Rekeninge sal elke jaar op 31e Desember deur die N.G.S. aan die skrywer gestuur word, wat die gewone inligting sal bevat.

~~(ix)~~ Ek verduidelik graag 'n paar punte.

(a) Klousule (i) laat my toe om b.v. die vertaling en publikasie van die boek by gedeeltes (by instalments) toe te laat.

(b) U sal beter weet as ek hoe om Klousule (ii) te bewoord.

(c) Ek is gewillig volgens Klousule (v) om voorstelle te ontvang vir die uitlating van enige sin ens., maar dit sal tot 'n minimum moet beperk word. Daar is egter gevalle van sarkasme en ironie ens., die ware betekenis waarvan, alhoewel deur ons heeltemal begryplik, nie deur die groot meerderheid van naturelle-lesers begryp sal word nie.

(d) Ek stel voor dat u self die kontrak optrek, en dat u enige woordelike verbeteringe aanbring wat die egte betekenis van die kontrak beter sal vertolk.

Die voorstelle self is nou natuurlik aan u gestuur vir oorweging en miskien verdere bespreking, maar ek self koester die hoop dat u hulle sonder weifeling sal aanvaar, veral siende dat geen geldelike ooreenkoms bereik moet word nie. Ek sal dit as 'n eer beskou indien my boek deur u Kerk uitgegee word.

Met agting die uwe,

